BELANGRIKE STUDIES

Gebasseer op die Staatswerknemers Pensioenfonds (GEPF) se jaarverslae asook ander data, is etlike studies deur kundiges by die Vereniging vir Monitering en Voorspraak van Staatswerknemers Pensioene (AMAGP) oor die stand van die GEPF, voltooi. Die gevolgtrekkings waartoe die AMAGP gekom het, tov die studies, word hierna getoon. Die studies speel 'n belangrike rol in ons verdere optredes

Reeks	Studie	Primere Gevolgtrekking
1	Kontant Vloei	• 2007/14. Was RB 33,7 Positief. • 2015/17. Was RB 89,3 Negatief. • Redes. Bydraes was minder as die uitbetalings.
2	Fonds Volhoubaarheid	Nie voldoende nie. Is tans 115% terwyl dit 146% behoort te wees.
3	Beleggings se Rendement	Oor laaste 10 jr is die agteruitgang tussen 9 & 11%.
4	Belegging Verliese	Beleggings verliese oor die afgelope 10jr is in die orde van RB 155.
5	Fonds se Groei	• Die Fonds het oor tydperk 2010 tot 2015 tussen 12 en 23,7% pj gegroei. • Maar in 2016 tot 2017 het groei gekrimp na 2,5% pj. • Die norm wat deur die GEPF nagestreef word, is inflasie plus 4,5%.
6	Wet van die GEPF en Regulasies tov Goeie Beheer/Bestuur	Nie alle aspekte word behoorlik deur die GEPF nagekom nie.

OPTREDES

Die AMAGP bestaan uit 'n aantal vrywilligers wat begaan is oor die toestand van ons pensioene. Die organisasie is jonk en onder ontwikkeld (veral as dit met Organisation Undoing Tax Abuse (OUTA) vergelyk word wat al 8 jr bestaan) itv vermoens soos finansies en mannekrag. Die GEPF en die Openbare Belegings Korporasie (OBK) verskans hulself agter geheim houding en is geensins begerig om onder die "vergrootglas" van die lede van die Fonds te verskyn nie. Dit alles veroorsaak dat optrede deur die AMAGP bemoeilik word.

Reeks	Optrede	Gevolge
1	Deurlopende skrywes aan die GEPF oor aspekte wat bevraagteken word. 'n Opsomming van al die skrywes vanaf 16 Feb 16 tot 28 Apr 18 is aan die GEPF	Deurlopend is ons deur die GEPF met niks seggende briewe beantwoord. Ook die opgesomde weergawe van Mei 18 is op die wyse beantwoord. Die gevolg hiervan is dat dit lede van die AMAGP baie agterdogtig maak.

	gerig.	
2	Informasie verskaffing aan Solidariteit van die toepassing van die PAIA Wet (Openbaarmaking van Informasie).	• GEPF antwoord na spertyd. • Hulle weier enige toegewings. • Solidariteit beplan verdere optrede op ‘n later datum.
3	Skakeling met ander organisasies met soortgelyke behoeftes; • OUTA, • Helen Suzman Foundation, • FW de Klerk Foundation, • Vereniging van Staats Amptenare (PSA) en, • Solidariteit.	• Hierdie skakeling het daartoe gelei dat informasie en studies met mekaar uitgeruil word. • Soortgelyk is pogings tov ‘n aantal vakbonde aangewend; maar huidig met geen resultate nie. • Veral tov die Suid Afrikaanse Onderwys Unie (SAOU) is herhaalde pogings aangewend, sonder resultate.
4	Media Skakeling.	• Periodieke pers verklarings word gedoen na behoefte. • Skakeling met pers kontakte het ten gevolge dat AMAGP se bevindings en menings dikwels onder ander instansies se name plaasvind.
5	Sosiale Media.	• ‘n Webwerf (www.amagp.co.za) en ‘n Facebook (FB) blad (Association for Monitoring and Advocacy of Government Pensions) is geopen. • FB is besonder aktief met verbasend baie ondersteuners wat aan gesprekke deelneem en lede word.
6	Brief aan die Minister van Finansies.	• Grootse GEPF verliese word uitgewys. • Die Minister word versoek om ‘n Ministerële ondersoek met betrekking tot die GEPF the inisiëer.
7	Data vir die Openbare Beskermer (OB).	Daar is al meer as ‘n jaar gelede versoek aan die OB gerig vir ‘n ondersoek by die GEPF. Nou is ons versoek om data te verskaf.